

## **JUNIE: God se vernuwingswerk deur die Heilige Gees**

---

Dinsdag 18 Junie

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 12:12-31 (AFR53/83/2020)**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 12:13**

**Die Heilige Gees maak ons 'n eenheid met verskillende gawes**

Christus het vroeër vir elke gelowige sy Gees gegee om te troos en te help. Al die gelowiges is ook “gedoop met die Gees” en so is al die gelowiges saamgevoeg as 'n eenheid, 'n liggaam. Die liggaam bestaan uit verskeie ledemate en Christus het ook vir hierdie ledemate besondere gawes gegee sodat die liggaam reg kan funksioneer. Deur die Heilige Gees is daar nou 'n eenheid. Elke ledemaat het genadegawes ontvang en hierdie gawes vul mekaar aan. Omdat elke ledemaat gelyktydig bydra tot die regte funksionering van die liggaam, is elke ledemaat absoluut noodsaaklik. Die een ledemaat is nie belangriker as die ander nie. Saam gebruik die Gees die afsonderlike gawes sodat die eenheid van die kerk na vore kom. Elke ledemaat word aangespoor om daardie besondere genadegawe so te gebruik dat dit tot voordeel van die liggaam as geheel sal dien. Elke lidmaat, groot of klein, oud of jonk, word deur die Gees op so 'n besondere manier gebruik dat die kerk kan reg funksioneer. In Filippense 2:4 lees ons: “*Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan die van ander.*”

Na sekere gebeure in die wêreld het mense baie individualisties begin leef. Die ledemate het mekaar nodig. 'n Ledemaat wat hom of haarself isoleer van die res van die liggaam, veroorsaak dat die liggaam nie reg kan funksioneer nie. Net so ook as die een ledemaat neerkyk op 'n ander op grond van hulle gawes, misken hulle ook die genade wat in daardie gawes vasgevang is.

God het elkeen van ons op sy besondere wyse, uit genade, in die liggaam gevoeg. Hy het elkeen van ons besondere gawes gegee deur die Heilige Gees wat in ons besig is. Gaan gebruik jou gawe, tot eer van God en tot voordeel van die liggaam.

*Sing: Psalm 116-1:9*

*Ds. J (Jaco) Cronje (Bloempark)*